# KREDIETERKENNINGAANSOEKPROSES

Beste voornemende  Student

ʼn Student wat reeds vir ʼn kwalifikasie by ʼn ander hoëronderwysinstelling ingeskryf was en van die modules geslaag het, mag moontlik vir die oordrag van akademiese krediete kwalifiseer. Dit beteken dat, sou die akademiese krediete wel toegestaan word, die student vrystelling van die soortgelyke modules by Akademia kry.

Wanneer daar aansoek gedoen word vir die erkenning van krediete vir geslaagde modules, is dit belangrik dat soveel moontlike inligting oor die modules wat reeds geslaag is aan Akademia verskaf word.

**Wanneer kwalifiseer die student nie vir erkenning van krediete nie?**

Verwys na die Akademia-jaarboek onder punt 16 op bladsy 20 tot 22 vir meer duidelikheid oor die erkenning van krediete en om teleurstelling te voorkom.

**Hoe dien ek my kredieterkenningsaansoek in?**

1. Neem asseblief kennis dat elke module waarvoor daar aansoek gedoen word vir kredieterkenning, die bedrag van R1 000 per module beloop.
2. Die aansoekvorm is by hierdie dokument aangeheg. Voltooi dit asseblief so volledig as moontlik, gebruik die modulebeskrywers wat op die webblad beskikbaar is om jou hiermee te help.
3. Die volgende dokumente moet saam met hierdie vorm aangeheg word:
    a. ʼn Gesertifiseerde akademiese rekord van die ander instelling wat volledig die modules se krediete, NKR-vlakke en finale punte aandui.
    b. Die modulebeskrywers en studiegidse vir die modules waarvoor jy aansoek doen van die betrokke jaar waarin die modules voltooi was.
    c. ʼn Gesertifiseerde kwalifikasiebewys indien die kwalifikasie voltooi is. Indien die kwalifikasie nie voltooi is nie, is die akademiese rekord voldoende.
    d. ʼn Geldige bewys van betaling vir jou kredieterkenningsaansoek. *Neem asseblief kennis dat geen aansoek hanteer sal word, sonder jou bewys van betaling nie.*

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // **www.akademia.ac.za**

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

4. Neem asseblief kennis dat die proses ses tot agt (6-8) weke neem vandat die kredieterkenningsaansoek en die korrekte dokumente ingehandig is.
5. Onvolledige aansoeke sal nie hanteer word nie.

Akademia-groete